Telefoon: (012) 332-3222 | e-posadres: gsdp@gsdp.org.za | webwerf: www.gsdp.co.za

GEREFORMEERDE SKOOL
**DIRK POSTMA**

Wees sterk en vol moed

# INFO 03/2026

**13 Februarie 2026**

## Van die skoolhoof

***Liewe GSDP-gemeenskap***

**Gesag en Gehoorsaamheid – 'n Hartsaak**

Kol 3: 22 "Diensknegte, julle moet jul here na die vlees in alles gehoorsaam wees, nie met oëdiens soos mensebehaers nie, maar in eenvoudigheid van hart, omdat julle God vrees."

Hoekom sukkel ons so met gesagsaanvaarding? Wat gebeur in ons harte wanneer 'n baas, onderwyser, direksie of enige ander gesagsdraer 'n besluit neem waarmee ons nie saamstem nie?

Die waarheid is: ons hanteer dit dikwels nie goed nie. Ons hou nie daarvan as iemand anders oor ons besluit nie, veral nie as daardie besluit ons ongemaklik laat voel of teen ons eie voorkeur ingaan nie. Dan reageer ons maklik rebels, opstandig of selfs manipulerend. Soms praat ons oneerbiedig of skep 'n negatiewe atmosfeer.

Hierdie reaksie spruit uit ons sondige natuur. Maar ons moet ook eerlik wees: daar is tye wanneer gesagsdraers hul mag verkeerd gebruik, en dit maak vertroue moeiliker. Tog bly die Bybelse beginsel staan. Kolossense 3:22 roep ons op tot gehoorsaamheid, nie net wanneer ons saamstem nie, maar "in eenvoudigheid van hart, omdat julle God vrees."

Ons gehoorsaamheid aan mense in gesagsposisies is uiteindelik 'n weerspieëling van ons gehoorsaamheid aan God. Hy is die Een wat gesag instel. Wanneer ons met respek en eerbied reageer, getuig dit van ons vertroue in Hom. Wat beteken dit prakties?

Dit beteken dat ons ouers, onderwysers, kerkraad, direksies, owerhede en ander gesagsdraers met respek behandel. As ons nie met 'n besluit saamstem nie, mag ons vrae vra – maar op 'n gepaste en eerbiedige wyse. Ons mag nie oneerbiedig praat of hul naam skade aandoen nie. Die vyfde gebod herinner ons dat ons met hul gebreke geduld moet hê. Dit vra selfbeheersing, veral wanneer ons emosioneel voel of te na gekom is.

Maar die Skrif spreek nie net diegene onder gesag aan nie, dit spreek ook die gesagsdraers aan.

Gesagsdraers dra 'n groot verantwoordelikheid. Daar is altyd Iemand bo hulle aan wie hulle rekenskap sal gee. Ouers en onderwysers moet onthou: kinders is nie ons eiendom nie. Ons mag nie met gesag speel of dit gebruik om ons eie wil af te dwing nie. Gesag is nie magsvertoon nie, dit is diens.

Ware gesag beteken om kinders liefdevol te lei, om grense te stel en om hulle die gevolge van hul dade te laat dra. Om dissipline te versaak, is nie liefde nie; dit is nalatigheid. Maar om hard en onregverdig op te tree, dien ook nie die Here nie. Gesag moet altyd gekenmerk word deur geregtigheid, wysheid en genade.

Wanneer gesag gesond uitgeoefen word en met respek aanvaar word – in die gesin, in die skool en in die werksplek – dan begin die vrug van die Gees sigbaar word: liefde, vrede, geduld, vriendelikheid, selfbeheersing. Dan skep ons 'n omgewing waar mense veilig is om te groei.

Mag die Here ons help om, elkeen op ons plek – as ondergeskikte én as gesagsdraer – Hom te eer in die manier waarop ons met gesag omgaan. Want uiteindelik behoort ons almal aan Jesus Christus.



***Vriendelike groete***

*Saskia Meijer*

## Beplanner

- **14/02:** ICO Atletiekbyeenkoms te HS Oos-Moot
- **17/02:** Gr. 4-studiekursus
- **17/02:** HS Toetsreeks begin
- **17/02:** HS 0/14-0/15 netbalspan begin oefen
- **19/02:** KS kuieraand
- **20/02:** HS Gr.10-gholfdag
- **24/02:** LS netbaloefeninge begin
- **25/02:** LS Skaak begin
- **26/02:** HS Tafeltennis vs HTS Pretoria Tuine
- **27/02:** HS Warmbaddag

## Postma-hande

Vele hande maak ligte werk. Ons weet hier is ouers wat baie **HANDig** is. Ons het ook baie HANDE nodig om met kleiner onderhoudstake te help. Tipiese take is bv. die afskuur en vernis van die klaskamers se houtdeure, sluitkassies se skarniere wat breek en vervang moet word, die verf van 'n lokaal of heinigs en die skuif van items soos pype ens. Die bestaande hande doen werklik hul bes, maar kan eenvoudig nie by alles uitkom nie. Sluit gerus op die **groep** aan, ons sal gereeld nuwe take op die groep deel.






## Verkiesing van bestuurslede

Drie bestuurslede se termyne is verstreke. By die volgende Ledevergadering van **21 April** sal daar ’n verkiesing wees. Slegs lede van die Gereformeerde Skoolvereiniging Dirk Postma kan genomineer word om op die bestuur te dien.

Een van die persone moet verkieslik ’n **sterk finansiële agtergrond** hê.
Nominasies word afgewag voor of op **7 April 2026**. Indien u ’n persoon wil nomineer is die vorm by mev Lienkie Vallentgoed **(gsdp@gsdp.org.za)** beskikbaar.

## Dopperspele 2026

16 Mei 2026 is om die draai. GSDP bied dan saam met hul jaarlikse **opedag** ook die jaarlikse **Dopperspele** aan. Maak 'n nota in jou dagboek.



## Nuwe hemde

Daar is nou **v-nek** hemde in grys en navy beskikbaar vir ondersteuners en personeel. Gaan loer gerus by die winkel op ons **webblad**.

Die damessnit is egter net in navy beskikbaar.




# *Kleuterskool*

**Belangrike datums:**

**19 Februarie:** Kleuterkuieraand
**28 Februarie:** Kleuteratletiek
**25 Maart:** Fotodag
**25 Maart:** Oueraand



# Kleuterskool

## Poppekas

Die kleuters het onlangs 'n kreatiewe storievertelling deur middel van poppekas geniet. Hulle meelewing was aansteeklik.








Laerskool




## Studiekursus

Ouerterugvoer: **Dinsdag,17 Februarie**, 17:30, B10 (Juf.Mart-Mari se klas)

Betalings: d6 of EFT (Verwysing: Familiekode+studiekursus)

## Bulletjie-rugby

Die jaar het Dirk Postma hul eie bulletjie-rugbyspanne. Ons oefen **Maandae en Woensdae** 17:00-18:00 op Laerskool Villieria se velde. Alle spelertjies is welkom.

## 7’s Rugby

Dirk Postma het ook twee spanne - **0/9 en 0/13**, ingeskryf by die 7’s liga. Oefeninge is Maandae 17:00-18:00 en Woensdae 16:30-17:30 op die laerskoolveld. Almal wag graag wil kom deel in die pret is baie welkom.

## Interne redenaars

Beslis nie met 'n mond vol tande nie ...

Op **Maandag, 9 Februarie** het ons laer- en kleuterskool Dirkies 'n **interne redenaarskompetisie** gehad. Die beoordelaars was verstom oor die dapperheid van selfs 6-jarige Dirkies. Hulle het almal hulle woord kom spreek. Oortuigende, beredeneerde toesprake is gelewer en die gehoor is aangespreek en in die oë gekyk.

Dankie aan alle deelnemers. Ons daag almal uit om volgende jaar weer op te daag en hierdie mooi geleentheid te benut. Almal moet iewers in hul lewe as Christen hul woord gestand doen en die waarheid kan verdedig. Kom oefen sommer as jongeling jou **oorredingsvaardighede**. Sien julle volgende jaar.

Baie geluk aan die leerlinge wat deur gedring het na die ATKV-redenaars.





Laerskool


# TOETSROOSTER

## Kwartaal 1 (2026)

| DAG | GRAAD 4 | GRAAD 5 | GRAAD 6 | GRAAD 7 |
|---|---|---|---|---|
| Vr. 27 Feb. | | | | Afrikaans |
| Di. 3 Maart | Engels | Engels | Engels | Engels |
| Wo. 4 Maart | | | | Tegnologie |
| Do. 5 Maart | SW | SW | SW | SW |
| Di. 10 Maart | Wiskunde | Wiskunde | Wiskunde | Wiskunde |
| Do. 12 Maart | Nat & Tegn. | Nat & Tegn. | Nat & Tegn. | NW |
| Vr. 13 Maart | | | | EBW |
| Di. 17 Maart | Afrikaans | Afrikaans | Afrikaans | Veldskool |

Leerlinge ontvang 9 Februarie hulle afbakenings.

Bybelonderrig, Kerkgeskiedenis en Lewensvaardighede/ Lewensoriëntering vorm nie in hierdie kwartaal deel van die toetsreeks nie, maar wel deel van die deurlopende assessering en klastoetse.



# Hoërskool

## TOETSROOSTER 2026 KWARTAAL 1




| Datum | Graad 8 | Graad 9 | Graad 10 | Graad 11 | Graad 12 |
|---|---|---|---|---|---|
| **KWARTAAL 1** | | | | | |
| 17/2 | Afrikaans | Wiskunde | Afrikaans | Afrikaans | Wisk/WG |
| 19/2 | Wiskunde | SW | Wisk/WG | Wisk/WG | Afrikaans |
| 24/2 | NW | Afrikaans | FW/Kuns/RTT | Engels | FW/RTT |
| 26/3 | SW | Tegnologie | Bybel | FW/RTT/Geo | Engels |
| 3/3 | Engels | NW | LW/IT/BS/Geo | Bybel | VS |
| 5/3 | EBW | Bybel | Engels | LW/IT/BS | Rek/IGO/Kuns |
| 10/3 | Tegnologie | EBW | Rek/VS/IGO | Afrikaans | LW/Geo/IT/BS |
| 12/3 | Bybel | Engels | Wisk/WG | Rek/Kuns/IGO/VS | Bybel |
| 17/3 | Wiskunde | Wiskunde | Afrikaans | Wisk/WG | Wisk/WG |

## Toesig

Ons wil net weer die ouers herinner dat hier nie toesig op die **hoërskoolterrein** is na 14:15 in die middae nie. Ons versoek u om asseblief u kinders **betyds** te kom haal. Hier is slegs toesig vir leerlinge wat aan spesifieke buitemuurse aktiwiteite deelneem.

## Tafeltennis

Tafeltennis-oefening begin amptelik **Dinsdag 17 Februarie**. Spelers wat vir die span verkies is, moet asseblief die oefeninge bywoon. Baie sterkte aan die tafeltennisspan met die seisoen wat voorlê.

Hoërskool

## Op die kultuurfront

Ons het weggespring met ’n suksesvolle uitstappie na die Teatro Monte Casino, waar ’n groep van 27 na die opvoering **“CATS”** gaan kyk het. Die leerlinge het die vertoning baie geniet, veral die interaksie met die “katte” in hulle volle mondering!

Vanjaar wil ons graag ’n **toneelstuk** op die planke bring. Die afgelope Maandag het die oudisies plaasgevind. Die onderskeie karakters sal Vrydag bekendgemaak word.

Daar is agt leerlinge wat vir die **Afrikaanse Olimpiade** in Mei inskryf.

Die vyf leerlinge wat aan die **ATKV-redenaars** gaan deelneem is ook besig om hulle toesprake te finaliseer.






## Maragon Mooikloof-atletiekbyeenkoms

**Vrydag 6 Februarie** het die hoërskool-atlete aan die Maragon Mooikloof-atletiekbyeenkoms deelgeneem.

GSDP was die kleinste skool by die byeeenkoms, maar het nie teruggestaan vir die ander spanne nie. Daar is 21 rekords deur GSDP verbeter. Dit is voorwaar 'n groot prestasie en 'n hoogtepunt vir die hoërskoolatlete.

## Rugby

Daar is weer 'n geleentheid vir die hoërskoolseuns om rugby te speel saam met HTS John Vorster. Indien daar seuns is wat belangstel, kontak asseblief vir mev Heikens vir meer inligting.



# ABAKUS WISKUNDE BREINONTWIKKELING



Mini Genius 3 +

Kids Genius 5 +

- Leerders kry 'n liefde vir Wiskunde
- Verbeter fotogeniese brein funksies
- Ontwikkeling van groot - en fynmotoriese spiere
- Verbeter probleemoplossing
- Bou goeie selfvertroue
- Verbeter konsentrasie
- Ontwikkeling van hoofrekene

A+ STUDENTS Genius Mathematics

**Rachelle Freeman 0749560796**

---

**Wiskunde hulp by jou skool!**

**Is Wiskunde 'n uitdaging?**
**Ek is hier om te help!**

**Vir Graad R - Graad 7 leerders.**

**JUFFROU RACHELLE**

**074 956 0796**

Kurrikulum Wiskunde klasse BY JOU SKOOL

Ons werk hand aan hand met die skool se onderwysers én assesseringsprogramme elke kwartaal.
Fokus: Deeglike inoefening van konsepte, herhaling van die week se werk, en hulp met huiswerk.

Resultaat: Selfvertroue en beter begrip in Wiskunde! Skryf nou in en sien die verskil!

Juffrou Rachelle - BEd Grondslagfase Graad,
Honneurs in Leerderondersteuning en
abakus Wiskunde aanbieder vanaf 2016

# FR Gutters

**SEAMLESS GUTTERS | WATER BACKUP SYSTEMS | ROOF PAINTING**

# SEAMLESS GUTTERS



## OUR SERVICES INCLUDES:

- Fascia and Bargeboards
- Gutter Cleaning
- Roofing (paint and maintenance)
- Solar Panel Cleaning
- Rainwater Harvesting
- Municipal Water-Backup Systems



**CONTACT US**

074 496 4713

www.frgutters.co.za



# GONS MET KENNIS TUTORONDERRIG

Registreer nou vir 2026

Kwaliteit, privaat tutoronderrig deur ’n gekwalifiseerde onderwyser.
Tutoring beskikbaar in Afrikaans en Engels.

AANLYN & IN-PERSOON | WAVERLEY

**Laerskoolvakke:**

Wiskunde (Graad 1 – 5)

Afrikaans Huistaal en Eerste Addisionele Taal

Engels Huistaal en Eerste Addisionele Taal

Sosiale Wetenskappe

Natuurwetenskappe

**Bykomende ondersteuning (Alle Grade):**

Lees-, spel- en skryfvaardighede

Studiemetodes en eksamenvoorbereiding

Kreatiewe kunsklasse om selfvertroue en uitdrukking te bevorder

**BUZZINGWITHKNOWLEDGE@GMAIL.COM**

# Wen Wetenskap & Wiskunde / Win Science & Maths.

**Graad 10 tot Graad 12 Wetenskap Pakkette:**

- Teorieboek met opsommings, vrbe & verduidelikings.
- Flashy Flitskaarte.
- 20 Eksamen Vraestelle met Memo's.

**Grade 10 to Grade 12 Science Combos:**

- Theory Book with summaries, examples and step by step explanations .
- 20 Exam Papers with Answer Sheets.
- Flashy Flash Cards.

**Graad 8 tot Graad 12 Wiskunde Pakkette:**

- Eksamenhulp Vraestelle met Memo's.
- Helena se Teorieboek (Slegs Graad 10 tot Graad 12).
- X-Faktor Werkskaarte en Opsommings.

**Grade 8 to Grade 12 Math Combos:**

- Examination Aid Exam Papers with Answer Sheets.
- X-Factor Worksheets and Summaries.

LISTEN TO THE PODCAST OF HELENA SPEAKING ON RSG ON THIS LINK

PLEASE VISIT

HTTPS://WENWETENSKAP.CO.ZA

HELENA - 0845103373

HV.VERWEY@GMAIL.COM

# Snapscan Kodes

Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende:

EFT

D6-toep

Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

Snap here to pay

SnapScan

GSDP-SKOOLFONDS

Snap here to pay

SnapScan

GSDP-BOUFONDS

## Ondersteun GSDP & Herwinning

### Blits




**Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.**

**Dankie vir u ondersteuning!**

### My school

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

**Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.**

MySchool MyVillage MyPlanet

### Pick n Pay, Waverley Plaza

Pick n Pay
Inspired by you

**Plaas asseblief al u kasregisterstrokies in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.**

### GSDP: Glasprojek

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.**
**Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2026 te wees.**

